




Elizabeth Mintoor, Ellen Joemat en Dolla Kruger maak bossies laventel.





Sue Preece.





Willempie Pais.









# Laventelgeur

DRIE JAAR GELEDE HET SUE PREECE HAAR EERSTE LAVENTEL GEPLANT - NET OM TE KYK OF DIT SAL WERK. VANDAG PLUK SY TOT DERTIG DUISEND STINGELS PER WEEK EN VOER SELFS VAN HAAR LAVENTEL UIT. DEUR MARIÉ ESTERHUYSE. FOTO'S DEUR LIEN BOTHA

Niemand op Sanity Farm naby Wolwengat in die Suid-Kaap het drie jaar gelede veel van laventel geweet nie - behalwe dat hulle gesien het hoe mooi dit in die omgewing groei.

"Ons het aanvanklik net drie honderd laventelbosse op die plaas geplant. Vandag het ons vyf duisend plante in die grond en het verlede jaar met ons eerste oes tussen vyf duisend en tien duisend stingels per week gepluk. Vanjaar oes ons tot dertig duisend stingels elke week.

"Maar," sê Sue, "die plaas is dertien jaar gelede glad nie vir dié doel gekoop nie. Dit moes 'n wegbreek van die stad en ons sakebelange gewees het - vandaar die naam."

Behalwe die bossies dieppers laventel (*Lavendula dentata var. candicans*) wat Sue weekliks aan 'n groot kleinhandelaar verskaf, voer sy ook van die stingels na die Verenigde Koninkryk en Singapoer uit. Sy is daarvan oortuig dat "daar iets in die grond is" wat die blomme so 'n dieppers kleur gee. Sy het aanvanklik gedink sy sal die laventel ook vir olie kan gebruik, maar dié tipe laventel is meer geskik vir snyblomme en om te droog, sê sy.

"Ek is seker die dieppers kleur van ons blomme het daartoe bygedra dat ons so gou opgang in die mark gemaak het. Dié laventel het ook lekker sterk stamme wat goed werk as jy dit vir snyblomme wil gebruik. Harde werk en voortdurende versorging van die laventellande het natuurlik ook gehelp. Ons het die grond laat ontleed en gevind daar is hier en daar 'n tekort. Beenmeel en misstof het die ding gedoen en vanjaar het ons pragtige bosse en 'n oorvloed blomme. Ons probeer natuurlik die boerdery sover moontlik organies bedryf."

En as daar 'n (wurm)probleem opduik, dink sy aan 'n plan om dit op te los. "Daar is 'n wurm in die laventel wat soveel skade aan ons bosse aanrig. Soos die koue weer kom, verdwyn hy, maar voor dit vanjaar kon gebeur, het ek besluit nou vang ek hom. Die wurm is nou 'n papie en ek wag net om te kyk wat daar uitbroei. Hopelik sal ons dan weet wat om hieraan te doen!"

Sue het eers die laventel gedroog, maar op die oomblik is die vraag na vars blomme so groot dat sy net die bossies maak. Dié proses is baie arbeidsintensief. Ná die blomme vroegoggend gepluk is, word al die blare van die stingels verwyder en die bossies met baie sorg gemaak. Die bossies word dan na 'n groot blomverspreider geneem wat dit weer aan die winkels verskaf. Sy verkoop ook laventel aan ander blommense wat dit saam met hul blomme in bosse gebruik.

## Ellen se storie

**Sanity Farm is naby die historiese sendingdorpie Elim geleë. Ellen Joemat vertel van haar werk en lewe hier.**


"Ek het in Augustus 2004 by Sanity Farm begin werk. Ek werk saam met Thomas Engel, wat ook op Elim woon, op die laventellande. Ek het eers die dooie laventelblomme op die lande uitgesny en later *tussie-mussies* met laventel en fynbos in gemaak. Nou help ek en 'n paar ander vroue om in die seisoen die laventelbossies te maak. Dit is vir my die lekkerste om die bossies te maak, want 'n mens kan sien hoe jou eindproduk lyk.

"Ek hou daarvan om met blomme te werk en om naby die natuur te wees. Ek het agtien jaar met fynbos gewerk. Dit is ook vir my goed om skeppend te wees. Sue sê ek het 'n aanvoeling vir blomme. Ek kan sommer in die veld instap en sal weet watter blomme gaan werk.


"Behalwe die maak van die bossies, help ek ook met die steggies, in November snoei ons en soggens pluk ek laventel met my pers handskoene aan. Dié handskoene het Sue se ma vir ons gebrei omdat dit so koud is wanneer ons vroeg in die oggend die plukwerk doen.

'DIE PLAAS IS 13 JAAR GELEDE NIE VIR BOERDERYDOELEINDES GEKOOP NIE. DIT MOES 'N WEGBREEKPLEK VAN DIE STAD EN ONS SAKEBELANGE GEWEES HET'





Ellen Joematt met haar pers handskoene.



"Ek is op Elim gebore en het daar grootgeword. Elim is 'n goeie plek om in te woon. Ons het daar wat ons nodig het. Daar is skole vir ons kinders en ons vriende en familie woon ook daar. Baie van Elim se vroue is lief vir blomme en werk daarmee."

## Maak só

Dis nie moeilik om laventel aan die groei te kry nie. Met min moeite kan jy met laventel spog.

- Laventel gedy as dit op 'n sonnige plek en in arm grond geplant word. Dit het baie min ekstra voeding nodig.
- Goeie dreinering is belangrik. Sorg dat die wortels nooit te nat is nie – laventel aard nie goed in 'n klam omgewing nie.
- Dit is ook maklik om steggies te maak. Steggies kan enige tyd van die jaar gemaak word, behalwe in die heel koudste maande. Sny 'n stukkie van die stam af waaraan 'n groen takkie groei, druk dit in hormoonpoeier en plant in 'n mengsel van sand en 'n bietjie kompos. Hou die steggies aanvanklik nat en plant uit sodra die plantjie sterk genoeg is. As die steggies blommetjies maak, breek hulle uit tot die plant goed gevestig is.
- Snoei laventel goed terug aan die einde van die somer of die begin van die herfs ná dit geblom het. Laventel wat in die winter en lente 'n oorvloed blomme het, kan in November ná dit geblom het, ook teruggesny word. As jy laventel nie terugsny nie, word dit houtagtig en baie onooglik. Dit werk ook goed om van laventel 'n pragtige heining te maak. Sny dit gereeld sodat die heining sy vorm behou.
- Ander voordele van laventel: dit lok skoenlappers na jou tuin, laat jou wasgoed lekker ruik as die wasgoed daaroor waai, gedroogde laventel tussen jou klere laat jou hele klerekas heerlik ruik en vir enigiemand wat lief is vir vars kruie in die kombuis is laventel 'n moet.
- Vars geplukte laventel lyk ook baie mooi as dit sommerso in 'n blompot gesit word. Pluk as dit nie te warm is nie, anders verlep die blommetjies gou. Sit net in 'n bietjie water en sorg dat daar geen blare in die water is nie.

Moet ook nie water op die blomme drup nie, want dit maak bruin vlekke. Vervang die water elke dag en los die blomme net so om te droog. ⌘



## Plant dié laventel

Daar is baie verskillende soorte laventel, maar hier is 'n paar staatmakers:

*Lavandula heterophylla*: Dié laventel met sy lang, dun blomstele noem ons tradisioneel Engelse laventel, hoewel dit nie die regte Engelse laventel is nie. 'n Goeie keuse in dié groep is die "Margaret Roberts"-kultivar. Die ander kultivars is feitlik identies, maar hul blomstele is nie so lank en stewig nie.

*Lavandula dentata*: Dit word die Franse laventel genoem. Die kleur van dié groep se blare wissel van groen tot grys en die grootte en kleur van die blomme verskil ook baie. "Candicans" met sy grys blare is 'n goeie keuse.

*Lavandula stoechas*: Dit is die Spaanse laventel. 'n Mens kan dit maklik uitken aan die skutblaartjies boaan die blomknop. Daar is baie verskillende kultivars beskikbaar en die kleur van die blommetjies wissel van pers tot wit.

*Lavandula allardii*: Dié laventel met sy grys blaartjies, wat ons Hollandse laventel noem, word hoofsaaklik vir sy blare gegroei, want dit produseer baie min blomme. Die Suid-Afrikaanse kultivar hiervan is "African Bride". As jy 'n laventelheining wil groei, is dit die een om te plant.

*Lavandula angustifolia*: Dit is die ware Engelse laventel. Dié laventel is 'n redelik klein struik met grys blare en sy blomme het 'n wonderlike geur. Die beste laventelolie word van dié groep plante gemaak. 'n Gunsteling is "Fringe Favourite". As jy in die Provence in Frankryk of Norfolk in Engeland ry - is dit die laventel wat daar so 'n pragtige pers vertoning maak!

*Lavandula pinnata*: Dié plant met sy varingagtige blaartjies staan ook bekend as die Australiese laventel. Dit groei maklik van steggies, maar het nie 'n té lang leeftyd nie en moet ná 'n tyd vervang word. Sy pragtige, blou blomme aan lang, slanke stele maak dit beslis die moeite werd om te groei.

## Lees die boeke

*The Lavender Book* deur Margaret Roberts en *Encyclopaedia of Herbs* deur Nico Vermeulen sal vir jou baie inligting oor dié pragtige plante gee.